**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE**:

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION**:

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# NOTULE VAN DIE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 28 OKTOBER 2025 OM 14:00 VANAF PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R Swarts | [DA] | : | Speaker |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. J Daniels | [DA] | | |
| Rdl. JJ Moolman | [DA] | | *(virtueel ingeskakel)* |
| Rdh. AJ du Plooy | [DA] | | *(sluit om 14:03 aan)* |
| Rdl. RL Laubscher | [DA] | | |
| Rdd. SS Lesch (Me.) | [ANC] | | |
| Rdl. IS Adams | [ANC] | | |
| Rdl. BU Maarman (Me.) | [ANC] | | |
| Rdh. EB Manuel | [GOOD] | | |
| Rdl. A Earle | [PA] | | |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. PW Erasmus | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mnr. D van Turha | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Me. W Prins | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Stadsbeplanning en Omgewingsbestuur |
| Mnr. M Sheldon | : | Hoof: Kommunikasie |
| Mev. RC Gerber | : | Komitee Beampte |

***

**AKSIE**

**RVN001/10/2025**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Speaker verwelkom almal teenwoordig by die vergadering, waarna hy die vergadering open met gebed.

‘n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan die lede van die publiek wat die verrigtinge bywoon en op die “YouTube” platform ingeskakel is.

***

**RVN002/10/2025**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Raadsheer De Vries – afwesing met verskoning (waterkrisis in Aurora)
Interne Ouditeur – afwesig met verskoning (bate verifikasie met die Ouditeur-Generaal)

Raadslid Moolman is virtueel ingeskakel

***

**RVN003/10/2025**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

Raadsheer Manuel bevestig dat hy nie deur die agenda kon werk nie aangesien sy laptop foutief was.

***

***Die Speaker kondig aan dat hy die onderskeie politieke partye in privaat wil toespreek, dat hy met die regerende party sal begin, gevolg deur die opposisie partye.***

***Die Speaker en die DA Raadslede verlaat die vergadering vanaf 14:07 tot 14:40, waarna die Raadslede van die ANC, GOOD en PA partye die vergadering verlaat vanaf 14:40 tot 14:52.***

***Die Munisipale Bestuurder voorsien ’n harde kopie van die agenda aan Raadsheer Manuel om deur te werk, waarna Raadsheer Manuel aan die vergadering bevestig dat hy geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.***

***Die Speaker bied sy verskoning aan die publiek en personeel vir die onderbreking van die vergadering. Die vergadering hervat om 14:54.***

**RVN004/10/2025**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING: DINSDAG 30 SEPTEMBER 2025**
**3/3/2/2**

Die Voorsitter lei die item in.

**BESLUIT**

Dat die notule van die vorige vergadering soos gehou op Dinsdag 30 September 2025 bekragtig word met die volgende regstellling:

RVN043/09/2025

*“2. Dat die proses in terme van die Munisipale Bestuurder se wetlike bevoegdheid hanteer word.”*

***(RC GERBER)***
***KOMITEE BEAMPTE***

***

**RVN005/10/2025**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE RAADSVERGADERING: DINSDAG 30 SEPTEMBER 2025**
**3/3/2/2**

***(Verslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei)***

Die Voorsitter lei die item in.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Implementeringsverslag van die vorige vergadering soos gehou op Dinsdag 30 September 2025.

***(RC GERBER)***
***KOMITEE BEAMPTE***

***

**RVN006/10/2025**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE: DINSDAG 30 SEPTEMBER 2025**
**3/3/2/2**

Die Voorsitter lei die item in.

Raadsheer Manuel bevraagteken die geldigheid van 'n vorige brief ontvang vanaf die Suid-Afrikaanse Polisidiens wat reeds etlike maande gelede aan die Raad voorgelê is en versoek duidelikheid ten opsigte van die aangeleentheid.

Die Speaker neem kennis van Raadsheer Manuel se navraag en meld dat dit hom vry staan om die Suid-Afrikaanse Polisiediens te kontak, sou hy verdere navrae oor die geldigheid van die betrokke brief hê.

***

**RVN007/10/2025**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER, UITVOERENDE BURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Verklarings/mededelings deur die Speaker:

- Die Speaker lig die Raad in dat ’n verteenwoordiger van die Suid-Afrikaanse Polisiediens hom besoek het na aanleiding van klagtes wat deur sekere Raadslede teen hom ingedien is. Op versoek van die Speaker sal die betrokke polisielid individuele afsprake met elke Raadslid reël, wat deur die Speaker gekoördineer sal word.

  Die Speaker doen verder ’n beroep op alle Raadslede om te weerhou om enige onakkurate of vals inligting in die publieke domein te versprei terwyl ondersoeke nog aan die gang is.

  Voorts meld hy dat dit onder sy aandag gekom het dat sekere amptenare aandag skenk aan inligting wat nie op hulle van toepassing is nie. Die Speaker sal afsprake met die betrokke amptenare reël ten einde die aangeleentheid met hulle te bespreek.

- Verjaarsdae

  Dat die volgende persone in November verjaar en wens die Speaker hul namens die Raad geluk en seënwense toe met hul komende verjaarsdae:

  - Raadslid Adams verjaar op Vrydag 21 November 2025;
  - Die Hoof: Kommunikasie verjaar op Saterdag 08 November 2025; en
  - Die Bestuurder: Strategiese Dienste verjaar op Sondag 09 November 2025.

- Leed

  Dat die volgende persone 'n geliefde aan die dood afgestaan het en wens die Speaker hul namens die Raad sterkte toe in die moeilike tyd:

  - Mev. A Owies (werksaam in die Tegniese Dienste direktoraat) se skoonpa is oorlede; en
  - Me. J Cornelius (werksaam in die Finansiële Dienste direktoraat) se pa is oorlede.

  Dat die volgende persone operasies ondergaan het en wens die Speaker hul namens die Raad sterkte toe met die herstelproses:

  - Mnr. T Poole (werksaam in die Gemeenskapsdienste direktoraat) is tans in die intensiewe sorg eenheid;
  - Mnr. P Williams (werksaam in die Kantoor van die Uitvoerende Burgemeester) het 'n nood operasie ondergaan en sterk tans tuis aan; en
  - Mev. N Bothma het 'n knievervanging ondergaan.

'n Oomblik van stilte word gehandhaaf vir die afgestorwenes se families in hierdie moeilike tyd.

Verklarings/mededelings deur die Munisipale Bestuurder:

- Dat die hofsaak van AfriForum teen SALGA, NERSA en 103 munisipaliteite op die dringende rol van die Hooggeregshof in Gauteng geplaas is vir aanhoor op Dinsdag 28 Oktober 2025;
- Dat Bergrivier Munisipaliteit geïdentifiseer is as een van nege munisipaliteite in die Wes-Kaap, en een van veertig landwyd, wat gekies is om verslag te doen in die tweede rondte van die Verenigde Nasies se "Sustainable Development Goals" (SDG's). 'n Item sal in November 2025 aan die Raad voorgelê word, en die finale verslag moet teen Mei 2026 ingedien wees; en
- Die Munisipale Bestuurder gee 'n bondige oorsig van die drie toekennings wat onlangs ontvang is tydens die "SALGA Provincial Members Assembly" en die "Local Government Summit" wat op 02 en 03 Oktober 2025 gehou is. Sy wens die Raad namens die Administrasie geluk met die prestasies.

  Die Speaker reël dat die fotosessie met die Raad en Direksie na afloop van die Raadsvergadering sal plaasvind.

***

**RVN008/10/2025**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**RVN009/10/2025**
**MOSIES / VRAE: ALDERMAN DANIELS: MOTION - COMBATTING OF DISINFORMATION**
**3/3/1/1; 3/3/1/2**

The Speaker introduced the item, whereafter Alderman Daniels was given the opportunity to present his Motion to Council.

**The following resolutions were taken unanimously by Council:**

**RESOLVED**

1. That all Officials be given information about how to handle disinformation and that the Communication department issues timely and transparent media statements to correct disinformation reported to them and provide accurate and/or factual information;
2. That Council's Communication Policy set guidance and be developed to challenge disinformation and unacceptable behaviour by the public;
3. That public awareness be initiated on how and when to report disinformation about the Municipality and/or referring cases to social media platforms to act on violations of their terms of service;
4. That as part of the public awareness in point 3 above, administrators of WhatsApp groups, Facebook pages and other social media platforms be requested to remove disinformation and manage their content and/or be held accountable for distributing and/or allowing disinformation to be posted and shared on their platforms;
5. That where the spread of disinformation is affecting the Municipality and/or Councillors, such cases of intentional and damaging disinformation be referred to relevant authorities, such as legal bodies, for further investigation and action; and
6. That when Councillors and Officials are dis-informers, appropriate action be taken in accordance with the Code of Conduct for Councillors and the Code of Conduct for Officials.

***HEAD: COMMUNICATION***

***

**RVN010/10/2025**
**<u>EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: APPLICATION TO TRANSFER PUBLIC ROADS AND PUBLIC OPEN SPACES IN THE VELDPARK DEVELOPMENT (DEVELOPED ON ERF 789, LAAIPLEK) FROM BERGRIVIER MUNICIPALITY TO THE HOME OWNERS' ASSOCIATION OF VELDPARK</u>**
**7/1/3/2; L. 789**

Raadslid Moolman lei die item in. Addisionele inligting en agtergrond word gelewer deur die Bestuurder: Stadsbeplanning en Omgewingsbestuur en Direkteur Tegniese Dienste.

***(Die Munisipale Bestuurder en Direkteur Finansiële Dienste word tydelik van die vergadering verskoon om 15:32 met toestemming)***

Die Munisipale Bestuurder verduidelik dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee geoordeel het dat Veldpark se situasie 'n beplanningsaansoek is wat los van die regsopinie hanteer kan word en dat alles wat in die aanbevelings vervat is, genoegsaam is om dit nou te kan hanteer.

Uiteenlopende vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komitee.

Raadsheer Manuel spreek sy kommer uit dat die Huiseienaarsvereniging moontlik in die toekoms aansoek by die Munisipaliteit indien vir finansiële ondersteuning ten opsigte van padonderhoud, sou die koste daarvan te hoog raak om self te dra.

**<u>The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council</u>:**

**<u>RESOLVED</u>**

1. That Council grants permission to the Home Owners' Association of Veldpark to proceed with the application to Bergriver Municipality in terms of Section 15 of the Bergrivier Municipality By-Law On Municipal Land Use Planning for the closure and rezoning of the internal roads from Transport Zone 2 (Public Roads) to Transport Zone 3 (Private Roads) and the internal open spaces from Open Space Zone 1 (Public Open Space) to Open Space Zone 2 (Private

Open Space), including the privatisation of some of the Municipal services on site; subject thereto that:

1.1 That the Home Owners' Association of Veldpark will be responsible for the provision, upgrading and maintenance of all service infrastructure required because of this application, as negotiated and agreed upon between the developer and the Municipality's Directorate: Technical Services by means of a new Services Level Agreement (SLA). The SLA must address, but are not limited to, the following aspects:

a) transfer of the streetlight network to the Home Owners' Association of Veldpark;

b) transfer of the roads and stormwater to the Home Owners' Association of Veldpark;

c) transfer to and vesting of ownership of any communal property (roads and open space) with the Home Owners' Association of Veldpark, which property shall not be disposed of, returned to the Municipality, alienated or transferred to any other party nor mortgaged;

d) door to door refuse removal by the Municipality;

e) management of the electrical, water and sewer networks by the Municipality;

f) unhindered access to the gated areas for Municipal officials involved with service delivery and maintenance;

g) that Council will not be liable for justifiable damage in any privatised (former public) place or road or pedestrian lane / passageway because of continued maintenance, rendering services or carrying out its normal constitutional duties; and

h) that the developer/applicants must comply with the Municipality's regulations relating to fire safety;

***MANAGER: TOWN PLANNING AND ENVIRONMENTAL MANAGEMENT***

1.2 The following traffic requirements must be adhered to:

a) access control to the gated areas may not result in traffic congestion in Voortrekker Street;

b) any emergency, traffic and police vehicles must be given unhindered and preferential access in cases of emergency and/or in the execution of duties, and

c) the Home Owners' Association of Veldpark will take full responsibility for road markings and signage. The painting and refreshing of these road marks as well as the erection and refreshing of traffic signage need to be strictly according to the SARTSM (South African Road Traffic Signs Manual);

1.3 To ensure contextually appropriate, sympathetic design and maximum passive surveillance externally and internally, the existing boundary fence/wall design must be continued with the construction of new fences/walls required to create the gated areas;

1.4 That the relevant obligations of the Home Owners' Association of Veldpark must be incorporated into their constitution, which provisions must include, but are not necessarily limited to, the following:

a) transfer to and vesting of ownership of any communal property with the Home Owners' Association of Veldpark, which property shall not be

disposed of, returned to Council, alienated or transferred to any other party nor mortgaged;

b) that the Home Owners' Association of Veldpark is responsible for the maintenance of communal property;

c) that the Home Owners' Association of Veldpark will be responsible for the maintenance of all traffic signs and markings within the gated areas;

d) that the Membership of the Home Owners' Association of Veldpark comprises of the registered owners of all applicable land units, whose membership shall be mandatory and include any successor in title, and

e) that Council will not be liable for justifiable damage in any privatised (former public) place or road or pedestrian lane/passageway because of continued maintenance, rendering services or carrying out its normal constitutional duties;

2. That Council's intention to transfer the Public Roads and Public Open Spaces within Veldpark to the Home Owners' Association of Veldpark must be advertised for 21 days for the public to comment/object to the proposal. If comments/objections are received, it must be referred back to the Council for further consideration. If no comments/objections are received, the transfer process can proceed; and

3. That the Home Owners' Association of Veldpark will be liable for all costs related to the proposed privatisation of the Veldpark development.

***

**RVN011/10/2025**
**<u>BERGRIVIER SPORT AND RECREATION ASSOCIATION (BSRA) 'HULP TOEKENNING' CONTRACT TO INCLUDE MAYORAL SPORTING CUP SUPPORT</u>**
**12/2/3/37**

Die Uitvoerende Burgemeester lei die item breedvoerig in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komitee.

**<u>The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council:</u>**

**<u>RESOLVED</u>**

1. That the current binding contract between Bergrivier Municipality and the Bergrivier Sport and Recreation Association (BSRA) should include a specific annexure for financial support towards the annual Mayoral Sporting Cups (which may include prize money to winners);
2. That the annexure must detail the amount and purpose of the support provided for the Mayoral Sporting Cups;
3. That the Municipal Manager be authorised to sign the amended agreement on behalf of the Municipality; and
4. That the relevant departments ensure that all future payments for the Mayoral Sporting Cups are processed in accordance with the annexure agreement and comply with the MFMA and National Treasury Circular No. 131.

***PERSONAL ASSISTANT: EXECUTIVE MAYOR AND DIRECTOR COMMUNITY SERVICES***

***

**RVN012/10/2025**
**SLUITING VAN KANTORE VIR JAAREINDE: 2025/2026**
**2/4**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Moolman, lei die item in.

**Die onderstaande besluite word eenparig deur die Raad aanvaar:**

**BESLUIT**

Dat die Raad die onderstaande reëlings vir 2025/2026 jaareinde goedkeur:

1.1 Dat die munisipale kantore binne die grense van Bergrivier Munisipaliteit gesluit sal wees vanaf Maandag 29 Desember 2025 tot Vrydag 02 Januarie 2026 (uitgesonderd die dienste genoem vanaf 5.4 tot 5.5);

1.2 Dat die Biblioteke binne die grense van Bergrivier Munisipaliteit gesluit sal wees vanaf Maandag 29 Desember 2025 tot Vrydag 02 Januarie 2026;

1.3 Dat die verkeerskantore (E-Natis transaksies) binne die grense van Bergrivier Munisipaliteit gesluit sal wees vanaf Maandag 29 Desember 2025 tot Woensdag 31 Desember 2025;

1.4 Dat die onderstaande munisipale dienste nie sluit nie en soos volg gelewer sal word vanaf 29 Desember 2025 tot 02 Januarie 2026 vanaf 07:30 tot 13:00:

1.4.1 Alle kassiere sal oop wees en eers om 12:00 afsluit, uitgesluit alle Strandoorde wat voldag werk; en

*DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE*

1.4.2 Dat vooruitbetaalde elektrisiteitsbystanddiens ("pre-paid" bystanddiens) en essensiële dienste voltyds gelewer word;

1.5 Dat Bystanddienste gelewer word vir: rampbestuur, water, riool en vooruitbetaalde elektrisiteit ("pre-paid");

1.6 Dat vullisverwydering, reiniging, verkeersdienste, wetstoepassingsdienste asook brandweerdienste soos normaal gelewer word en dat daar ook 'n volledige diens in alle Strandoorde gelewer word;

1.7 Dat spesiale verlof aan alle werknemers (uitgesluit die wat werksaam is in bogenoemde dienste (paragrawe 5.4.1 tot 5.4.2 en paragraaf 5.5) toegestaan word vanaf Maandag 29 Desember 2025 tot Vrydag 02 Januarie 2026;

1.8 Dat permanente werknemers wat gedurende bogenoemde tydperk van spesiale verlof (Maandag 29 Desember 2025 tot Vrydag 02 Januarie 2026) diens gaan verrig, die spesiale verlof (4 werksdae) moet neem voor 30 Junie 2026;

1.9 Dat verkeerskantore op Saterdag 13 en 20 Desember 2025 te Velddrif en Piketberg vanaf 08:00 tot 13:00, oop sal wees vir die publiek vir E-Natis transaksies (uitgesluit padwaardigheid);

1.10 Dat die munisipale kantore op Woensdag 24 Desember 2025 om 10:00 sal sluit;

1.11 Dat die volle diens op Maandag 05 Januarie 2026 hervat sal word;

1.12 Dat die Hoof: Kommunikasie al die platforms gebruik om die noodnommers, kantoorsluitings en reëlings oor die Kerstyd aan die publiek te kommunikeer, insluitend op alle TV's en eksterne adverteringsborde (elektronies);

1.13 Dat alle werknemers die toegestane addisionele vier (4) dae spesiale verlof op die ESS-stelsel sal voltooi; en

1.14 Dat geen formele vergaderings waar Raadslede betrokke is, gehou sal word tussen Maandag 15 Desember 2025 en Woensdag 15 Januarie 2026 nie.

***

**RVN013/10/2025**
**<u>HERBENOEMING VAN RAADSFASILITEIT: NOORDHOEK GEMEENSKAPSAAL NA JONATHAN SLABBERT GEMEENSKAPSAAL</u>**
**17/7/5/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Moolman, lei die item in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komitee.

**<u>Die onderstaande besluite word eenparig deur die Raad aanvaar:</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat die Raad goedkeuring verleen vir die naamsverandering van Noordhoek Gemeenskapsaal na Jonathan Slabbert Gemeenskapsaal;
2. Dat die Direktoraat Gemeenskapsdienste voorsiening maak in die Bedryfsbegroting vir oprigting van borde, soos uiteengesit in vorige raadsbesluit;
3. Dat die Direkteur Gemeenskapsdienste ooreenkomstig die "Public Amenities By-law" die aangeleentheid verder hanteer; en
4. Dat die Kantoor van die Uitvoerende Burgemeester verantwoordelikheid neem vir die oprigting van 'n gedenkmuur binne die saal sowel as die reëlings rondom die onthulling van die gedenksteen.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

***PERSOONLIKE ASSISTENT: UITVOERENDE BURGEMEESTER***

***

**RVN014/10/2025**
**<u>REQUEST TO WAIVE OWNERSHIP OF INVESTED PROPERTY RIGHT: ERF 370, PIKETBERG (PUBLIC ROAD)</u>**
**PB.370**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Moolman, lei die item in.

**<u>The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council:</u>**

**<u>RESOLVED</u>**

1. That a portion of Erf 370, Piketberg (Public Road ±168.58m² in extent), is required to provide minimum level of basic municipal service, however access to Municipal services can be secured by means of registration of a servitude in favour of Bergrivier Municipality over the portion of land;
2. That Bergrivier Municipal Council's intention to waive its vested property right to ownership of the portion of Erf 370, Piketberg (Public Road) to The Jankielsohn Property Trust at R839.52 (VAT inclusive), be advertised for 21 days for public comment/representation, and if no objections are received against the proposed alienation, proceed with point number 3;
3. That the applicant is authorised to register the property in terms of the requirements of section 31 of the Deeds Registries Act, 1937, as amended and further registration thereof at The Jankielsohn Trust's own expense;
4. That the applicant register a services servitude over the portion of Erf 370, Piketberg in favour of Bergrivier Municipality at the Surveyor General and Deed of Transfer of the consolidation between Erf 4788, Piketberg and the portion of Erf 370, Piketberg (Public Road ±168.58m² in extent) at The Jankielsohn Trust's own expense;

***MANAGER: TOWN PLANNING AND ENVIRONMENTAL MANAGEMENT***

5. That all associated financial expenses applicable to possible land use applications (i.e. closure of public road) surveying will be for the cost of the applicant (The Jankielsohn Property Trust); and

6. That registration of the property at the Deeds Office must take place within one year of the decision of Council.

***

**RVN015/10/2025**
**<u>VERSOEK OM SLUITING VAN 'N GEDEELTE PUBLIEKE OOPRUIMTE WAAROP REGISTRASIE VAN REG VAN WEG SERWITUUT VOORGESTEL WORD OOR ERF 4010, PIKETBERG (MUNISIPALE GROND) TEN GUNSTE VAN ERF 4011, PIKETBERG</u>**
**PB.4010 & PB 4011**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Moolman, lei die item in.

**<u>Die onderstaande besluite word eenparig deur die Raad aanvaar:</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat die Raad toestemming verleen vir die toepaslike prosesse om sluiting van 'n gedeelte van Erf 4010, Piketberg (Publieke Oopruimte/Openbare Plek) waar die reg-van-weg serwituut toestemming verleen is ooreenkomstig Raadsbesluit RVN037/06/2024 van 25 Junie 2024; en

2. Die sluiting van die gedeelte publieke oopruimte (openbare plek) waar die reg-van-weg serwituut voorgestel word is onderhewig aan dieselfde voorwaardes soos vervat in Raadsbesluit RVN037/06/2024 van 25 Junie 2024.

***BESTUURDER: STADSBEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

***

**RVN016/10/2025**
**<u>VERVREEMDING VAN MUNISIPALE GROND: ERF 2121, PORTERVILLE</u>**
**PTV.2121**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer Moolman, lei die item in.

**<u>Die onderstaande besluite word eenparig deur die Raad aanvaar:</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat Erf 2121, Porterville nie benodig word vir minimum vlak munisipale dienslewering nie en daar vir alle inkomste groepe geleentheid tot eiendom gegee word;

2. Dat die tender geadverteer word vir 30dae teen waardasie waarde R51 000.00 BTW ingesluit); en

3. Dat die koper verantwoordelik sal wees om die oordragkoste te betaal.

***BESTUURDER: STADSBEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

***

**RVN017/10/2025**
**<u>VERHURING VAN MUNISIPALE EIENDOM: ERF 1099, VELDDRIF EN GEDEELTE 68 VAN PLAAS VELDDRIF NO. 110, AFDELING PIKETBERG</u>**
**7/2/3/2; V.1099 & 110/68, PB**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer Moolman, lei die item in.

**<u>Die onderstaande besluite word eenparig deur die Raad aanvaar:</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat die Munisipaliteit in terme van die MFMA, nie die persele vir munisipale doeleindes benodig nie;

2. Dat die projek gevrywaar word van klousule 40 (2) (d) van die MFMA aangesien dit in die belang van die publiek is;
3. Dat die Munisipaliteit se voorneme om Erf 1099, Velddrif en 'n gedeelte (ongeveer 3.75 ha groot) van Gedeelte 68 van Plaas Velddrif No. 110, Afdeling Piketberg, soos aangedui op Bylae B, aan FDSA Velddrif te verhuur aan die publiek bekend gemaak word;
4. Dat die huurooreenkoms met FDSA ten opsigte van Erf 1099, Velddrif en 'n gedeelte (ongeveer 3.75 ha groot) van Gedeelte 68 van Plaas Velddrif No. 110, Afdeling Piketberg gesluit word, vir 'n tydperk van 9 jaar 11 maande teen R100 (BTW ing.) per jaar;

5.1 Dat die grond gedeeltes slegs aangewend word vir die aanplant van bome en plante vir vervraaing en vruggebruik en soos verder bepaal in terme van die soneringskemaregulasies; en

5.2 Dat alle operationele- en instandhoudingskostes van die persele vir die koste van die FDSA sal wees.

***BESTUURDER: STADSBEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

***

**RVN018/10/2025**
**<u>OFFER TO MAINTAIN ROOIBAAI JETTY (VELDDRIF)</u>**
**17/13/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer Daniels, lei die item breedvoerig in.

Op navraag van Raadsdame Lesch oor wie verantwoordelikheid sal neem vir die instandhouding van Rooibaai Jetty ná die voltooiing van die onderhoud deur Mnr. Kroon, bevestig die Munisipale Bestuurder dat sy die aangeleentheid tydens die Informele Direksievergadering, geskeduleer vir Maandag 03 November 2025, met die Direksie sal uitklaar.

***MUNISIPALE BESTUURDER (03/11/2025)***

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komitee.

**<u>The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council</u>:**

**<u>RESOLVED</u>**

1. That Council takes note and approve the contents of the report;
2. That Council accepts the donation from Mnr. Pieter Kroon to do the maintenance of the Rooibaai Jetty and slipway;
3. That Council will contribute to the project if funds are made available in the adjustment budget;
4. That Council accepts the fact that Mr. Pieter Kroon will be responsible for the safety of the site during the maintenance of the project.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**RVN019/10/2025**
**<u>RECTIFICATION OF WORDING IN THE SUPPLY CHAIN MANAGEMENT POLICY 2025/2026</u>**
**5/1/B**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer Daniels, lei die item in.

**<u>Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar:</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die item terugverwys word na Finansiële Dienste vir verdere hantering en regstellings.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**RVN020/10/2025**
**ASSIGNMENT AGREEMENT FOR THE OPERATION OF PUBLIC LIBRARIES**
**5/7/4**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer Wessels, lei die item in.

**Die onderstaande besluite word eenparig deur die Raad aanvaar:**

**BESLUIT**

1. Dat die Raad kennis neem van die verslag en die inhoud van die "Assignment Agreement" tussen die Departement van Kultuursake en Sport en Bergrivier Munisipaliteit en so aanvaar;
2. Dat die Raad die "Assignment Agreement" goedkeur; en
3. Dat die Raad die Munisipale Bestuurder magtig om die ooreenkoms namens die Munisipaliteit te onderteken.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

***

**RVN021/10/2025**
**DECOMMISSIONING IMPLEMENTATION PLAN FOR LANDFILLS**
**16/6/1**

Die Direkteur Tegniese Dienste lei die item in.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council:**

**RESOLVED**

That Council note the report and approve the financial plan for the decommissioning costs of the landfills.

***DIRECTOR TECHNICAL SERVICES***

***

**RVN022/10/2025**
**REQUEST FOR PROPOSAL (RFP) FROM INDEPENDENT POWER PRODUCERS TO PROVIDE RENEWABLE ENERGY TO BERGRIVIER MUNICIPALITY**
**16/2/1**

Die Direkteur Tegniese Dienste lei die item in.

**The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council:**

**RESOLVED**

1. That a portion of Erf 1283 in Velddrif (buffer area next to the wetland) be made available for development of a solar plant;
2. That a portion of Remainder Farm Groote Fontein No. 241 in Piketberg (located between the local sewage works and the new industrial extension) be made available for development of a solar plant; and
3. That a portion of Erf 1002 in Porterville (located between the local hospital and the showgrounds) be made available for development of a solar plant.

***DIRECTOR TECHNICAL SERVICES***

***

**RVN023/10/2025**
**2025/26 QUARTERLY BUDGET AND PERFORMANCE REPORT FOR QUARTER 1: 01 JULY – 30 SEPTEMBER 2025 - SUBMITTED IN TERMS OF SECTION 52(d) OF THE MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT, 2003 (ACT 56 OF 2003)**
**4/7/6**

***(Verslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei)***

Die Voorsitter lei die item in.

**The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council:**

**RESOLVED**

1. That the quarterly performance report for Quarter 1 (1 July – 30 September 2025) be noted;
2. That this report be read in conjunction with the Quarterly Budget Report which is submitted to Council in terms of Section 52(d) of the Municipal Finance Management Act, Act 56 of 2003; and
3. That the Manager: Strategic Services submit the report to the relevant authorities and make it public on the Municipal website as required by law within 5 days of being tabled.

***MANAGER: STRATEGIC SERVICES***

***

**RVN024/10/2025**
**2025/26 DEPARTMENTAL SDBIP: REPORT FOR QUARTER 1: 01 JULY – 30 SEPTEMBER 2025**
**15/1/5/5**

***(Verslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei)***

Die Voorsitter lei die item in.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council:**

**RESOLVED**

That the quarterly performance report for Quarter 1 (01 July – 30 September 2025) departmental level be noted.

***

**RVN025/10/2025**
**PRESTASIE BEOORDELING ARTIKEL 54A EN 56 POSTE VIR DIE TYDPERK 01 JULIE 2024 TOT 30 JUNIE 2025**
**4/7/6**

***(Verslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei)***

Die Voorsitter lei die item in.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar:**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die verslag.

***

**RVN026/10/2025**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT AUGUST 2025**
**5/1/1**

Die Voorsitter lei die item in.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council:**

**RESOLVED**

That Council note the monthly budget statement and supporting documentation for August 2025.

***

**RVN027/10/2025**
**SUPPLY CHAIN MANAGEMENT IMPLEMENTATION REPORT FOR AUGUST 2025**
**5/1/1**

Die Voorsitter lei die item in.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council:**

**RESOLVED**

That Council takes note of the August 2025 Supply Chain Management Implementation report and that it be made public in accordance with Section 21A of the Local Government: Municipal Systems Act. (Act no 32 of 2000).

***

**RVN028/10/2025**
**DIENSTE BEPLANNING EN ONTWIKKELING VAN INDUSTRIËLE EN BESIGHEIDSPERSELE**
**15/1/3/1**

Die Voorsitter lei die item in.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council:**

**RESOLVED**

That Council takes note of the service planning and development of industrial and business sites.

***

**RVN029/10/2025**
**PROCESS FOR ENFORCEMENT OF NATIONAL BUILDING REGULATIONS CONTRAVENTION NOTICES**
**15/4/1**

Die Voorsitter lei die item in.

**The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council:**

**RESOLVED**

1. That Council notes the process, timelines, costs, and associated risks for legal enforcement of contravention notices;
2. That Council provides additional budget for legal enforcement to accommodate at least the "Whitehouse" High Court case and 4 additional priority cases;
3. That Council notes that demolition, if ordered by the Court, will cost approximately R170 000 per case, which should be recovered from the owner, but may become a municipal liability if the owner is unable to pay; and
4. That Council notes that cases can only commence if sufficient budget is provided since cases cannot be broken down in milestones since the sheriff issues court dates.

***DIRECTOR TECHNICAL SERVICES***

***

**RVN030/10/2025**
**VLOOTBESTUUR: JULIE 2025 – AUGUSTUS 2025**
**2/2/3**

Die Voorsitter lei die item in.

**Die onderstaande besluite word eenparig deur die Raad aanvaar:**

**BESLUIT**

1. Dat 'n SOP opgestel word vir die hantering van boetes;
2. Dat die Raad kennis neem van die verslag; en
3. Dat die aangeleentheid verwys word na die Formele Direksievergadering soos geskeduleer vir Maandag 10 November 2025, vir bespreking rakende die beheer en die formalisering van die proses.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE (10/11/2025)***

***

**RVN031/10/2025**
**ONDERSOEK NA WATERONDERBREKING IN PIKETBERG**
**16/1/2**

Die Voorsitter lei die item in.

**Die onderstaande besluite word eenparig deur die Raad aanvaar:**

**BESLUIT**

1. Dat die Raad kennis neem van die verslag; en
2. Dat 'n aksieplan voorgelê word by die volgende Tegniese Dienste Komiteevergadering soos geskeduleer vir Donderdag 06 November 2025 rakende die implementering van die aanbeveling.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE (06/11/2025)***

***

**RVN032/10/2025**
**VORDERINGSVERSLAG: NOORDHOEK: TEGNIESE DIENSTE**
**16/3/7**

Die Voorsitter lei die item in.

**Die onderstaande besluite word eenparig deur die Raad aanvaar:**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem rakende die vordering by Noordhoek area, te Velddrif.

***

**RVN033/10/2025**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERINGS**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN023/10/2025**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE SPESIALE VERGADERINGS**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN034/10/2025**
**<u>WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVA035/10/2025**
**<u>IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE VOORGELÊ VIR OORWEGING / KENNISNAME DEUR DIE RAAD</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVA364/10/2025**
**<u>IN-KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING AAN DIE RAAD</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

***Die Speaker bedank elkeen vir hul geduld en insette***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 16:19*

DEUS EST VITA

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

____________________ _________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***